

1 Februarie

Skrifgedeelte: Eksodus 15:1-19

Fokusgedeelte: Eksodus 15:16

Die Here skep toekoms vir sy kerk

Let mooi op na die tema wat vir hierdie dagstukkies gegee word: *Die Here skep toekoms vir sy kerk*. Ons probleem is dikwels dat ons insig in die Woord van die Here het, maar baie keer nie die gepaardgaande uitsig nie. Wanneer omstandighede neerdrukkend is, verloor ons die wonderlike toekomsvisie wat God aan sy kinders voorhou.

Eksodus 15 is 'n lied wat Moses en die Israeliete sing om die Here te eer vir sy uitkoms toe hulle van agter bedreig is deur die Farao se leermag en van voor deur die Rietsee.

Maar let op, Eksodus 14 beskryf hoe Israel in ongelof teenoor Moses kla dat hulle liewers in Egipte sou wou bly as om deur die Farao se soldate te sterf. Hierdie Israeliete het pas die tien plaë, waarmee God die Farao op sy knieë gedwing het, beleef. Hulle het God in sy Almag sien optree. En tog, by die Rietsee reageer hulle asof hulle einde aangebreek het, asof daar geen toekoms vir hulle is nie. Moses reageer direk daarop en sê: “Moenie bang wees nie, staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red” (Eks 14:13a).

Reageer die Nuwe-Testamentiese kerk in die jaar 2008, met baie neerdrukkende omstandighede, nie ook in 'n groot mate so uitsigloos soos Israel van ouds nie? Wat het geword van ons belydenis dat die magte van die duisternis ons nie sal oorweldig nie? Die Here se kerk is gebou op die Rots, Jesus Christus. Wat ook al die omstandighede – of dit vir ons lyk na aanvallers van agter of doodloopstrate voor – die magte van die duisternis sal die kerk nie oorweldig nie.

In hierdie wonderlike belydenis van die Gereformeerde Kerke is die vaste sekerheid: *God skep altyd toekoms vir sy kerk*. Sing: Psalm 46:1, 6 (1936)

Ds JL Aucamp (Kempton Park-Mooifontein)

